

ST. HIËRONYMUS

30 SEPTEMBER

(c340-420)

Hierdie Kerkleeraar en Bybelvertaler was iemand wat sy lewe lang, dag in en dag uit, besig was met die Heilige Skrif. Hy het 'n fenomenale kennis van die Bybel gehad en op versoek van pous Damasus begin hy met 'n nuwe Latynse vertaling van die Nuwe Testament en Psalms. Later vestig hy hom in Bethlehem waar hy sy monumentale vertaling van die Ou Testament gedoen het. Sy vertaling, die sogenaamde Vulgaat, sou eeue lank die standaard Bybelvertaling in die Katolieke Kerk bly, en geen ander vertaling het ooit so groot invloed op die Christendom uitgeoefen nie.